



Sakeliga KragDag 2023

Reëls en reëlings vir Vee-ras Tentoontelling Uitstallers (Groot- en kleinvee)

1. **Ekspo tye:** Die ekspo is vier dae lank (Woensdag 9 tot Saterdag 12 Augustus) en die tye is 8:00 tot 17:00 elke dag, waartydens geen voertuie op die terrein toegelaat sal word nie.
2. **Siek diere:** Geen siek diere word op die terrein toegelaat nie.
3. **VeehanteerdersRegistrasie:** Veehanteerders moet asseblief ook as bemanning geregistreer word. Veehanteerders wat nie vooraf geregistreer het nie, sal soos enige besoeker R100 ingangsgeld betaal.
4. **Biosekuriteit:** Die [Biosekuriteit-Veeartsverklaringvorm](#) moet asseblief ingevul word en 'n afskrif daarvan tydens die aflaai van die eksopo-diere by die diensdoenende KragDag beampete ingehandig word om in die diereregister opgeteken word. Diere moet minstens een week voor die ekspo behandel word teen inwendige en uitwendige parasiete.
5. **Aflaai van vee:** KragDag voorsien mobiele laaibanke en vee kan Dinsdag 8 Augustus reeds afgelaai word, en moet teen Maandag 14 Augustus van die terrein verwijder wees. Waar verkies, kan uitstallers ook hulle diere daagliks inbring.
6. **Veeuitstalling:** VEEKampies is 3m x 3m vir beeste en perde en 1,85m x 1,85m vir skape, bokke en miniatuurperde. Elke uitsteller word ook van 'n 3m x 3m bemarkingspasie by die vEEKampies voorsien. Die veeuitstalling is onderdak (tent).
7. **Welstand:** KragDag voorsien hooi/gras vir "beddegoed" vir die diere. Uitstallers is verantwoordelik vir eie voer- en waterbakke. Diere moet te alle tye van kos en water voorsien word. Veehanteerders is te alle tye verantwoordelik vir die welstand van vee en moet saam met die sekuriteit na-ure rondtes by die vee doen, waar nodig.
8. **Skoonmaak van kampies:** 'n Diensvoertuig sal voor 8:00 en weer vanaf 12:00 by vEEKampies verby ry om enige vuil hooi wat uitgesit is, te verwijder.
9. **Veearts:** 'n Veearts (Dr Herman De Bruin) sal namens KragDag tydens die ekspo diens doen: Tel 013 932 3096.
10. **Veehanteerdersakkommodasie:** Ablusiegeriewe asook 'n kombuistent met 'n stofie, tafel en gasbottel word in die veehanteerders huisvestingarea voorsien. Elke uitsteller is verantwoordelik vir eie kos, eet- en kookgerei, beddegoed en tente.

Vir navrae skakel met ons by elmarene@kragdag.co.za of 087 231 1644 (ook vir WhatsApp).